N.G. Gemeente Oudtshoorn Welgeluk

Posbus 762, Oudtshoorn, 6620
Van der Westhuizenstraat 23, Oudtshoorn
GPS: Lengtegraad : -33.6103100 Breedtegraad: 22.2012000

VISIE: Om met liefde te bou aan God se Koninkryk

Virtuele nagmaal & erediens op 30 Augustus 2020

N.G. Oudtshoorn-Welgeluk

Prediker: Ds. Andries Potgieter

Teks: Matteus 16: 21 -28

Tema: Neem jou kruis op

21. Van toe af het Jesus dit vir sy dissipels duidelik begin stel dat Hy Jerusalem toe moet gaan en baie moet ly onder die familiehoofde, die priesterhoofde en die skrifgeleerdes, en dat Hy doodgemaak moet word, en die derde dag uit die dood opgewek moet word.
22. Petrus het Hom toe opsy geneem en Hom begin berispe: "Mag God dit verhoed, Here! Dit sal beslis nie met U gebeur nie."
23. Maar Jesus het na Petrus toe gedraai en vir hom gesê: "Moenie in my pad staan nie, Satan! Jy is vir My 'n struikelblok, want jy dink nie aan wat God wil hê nie, maar aan wat die mense wil hê."
24. Toe sê Jesus vir sy dissipels: "As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, sy kruis opneem en My volg,
25. want wie sy lewe wil behou, sal dit verloor; maar wie sy lewe ter wille van My verloor, sal dit terugkry.
26. Wat sal dit 'n mens help as hy die hele wêreld as wins verkry maar sy lewe verloor, of wat sal 'n mens gee in ruil vir sy lewe?
27. Die Seun van die mens gaan saam met sy engele kom. Hy sal beklee wees met dieselfde heerlikheid as sy Vader en sal elkeen volgens sy dade vergeld.
28 Dit verseker Ek julle: Daar is party van dié wat hier staan wat beslis nie sal sterwe voordat hulle die Seun van die mens in sy koninkryk sien kom het nie."

Leraar: Ds. Andries Potgieter: Sel nr. 084 514 2178: E-pos – ajpotgieter@telkomsa.net
Pastoralehulp: Ds. Bertine Malan Sel: 076 524 6455: E-pos – bertinemalan@gmail.com
Kerkkantoor : Tel nr. (044) 272 4391 : Kantoorure: Maandae tot Vrydae: 08:00 – 11:00
E-pos adres: ngwelgeluk@telkomsa.net www.nggemeenteoudtshoorn-welgeluk.co.za
Bankbesonderhede: NG Oudtshoorn – Welgeluk: Nedbank: Takkode: 175205: Rek: 1006783962

- **Gemeentelike kommunikasie en eredienste**

Die kerkraad vergader weer op 15 September 2020 om te besluit wanneer eredienste in die kerkgebou hervat sal word . Hou asb in gedagte dat onder vlak 2 van inperking slegs 50 mense per diens geakkomodeer mag word. Eredienste is wel op digitale op die verskillende platforms beskikbaar.

Die virtuele erediens van 30 Augustus 2020 se onderskeie skakels is soos volg:-

Youtube
https://youtu.be/LGOipgzUZgg

Facebook live
https://www.facebook.com/NGGemeenteOudtshoornWelgeluk/videos/248816829536780/

en net vir die klankbaan op "Soundcloud"
https://soundcloud.com/user-614749129/klankbaan-virtuele-nagmaal-erediens-30-aug-2020-ng-oudtshoorn-welgeluk

Baie geluk aan ons 70 - plussers wat die week verjaar:

Petro Botha	30 Augustus
Borrie Borman	31 Augustus
Johan Swanepoel	31 Augustus
Joana Truter	31 Augustus
Bettie van Wyk	3 September

<u>Voorbidding</u>

- **Ons dink in ons gebede aan die volgende persone vir hul gesondheid:**

  - Joey Strydom van Buitekantstraat 57;
  - Johanna Kriel van Rademeyerstraat 43A;
  - Setta Wepener van Jan van Riebeeckweg 26;
  - Andeline Olivier van Melvillestraat 1;
  - Johan Coetzee van Prima Vera 7;
  - Waldo Cloete van Jan van Riebeeckweg 214;
  - Helena Wagener van Riempie Village 22;
  - Alwyn Marais van Buitekantstraat 7;
  - Carolien Du Toit van Jakarandalaan 10

- **Ons bid ook vir die volgende sake:-**
  - Uitkoms vir reën in ons Klein-Karoostreek wat erg deur die voortslepende droogte geraak word asook ander droogtegeteisterde gebiede in ons land;
  - Dankbaarheid vir die reën wat die afgelope tyd in ons streek geval het;
  - Die maatskaplike en politieke uitdagings wat ons land in die gesig staar;
  - Die moeilike omstandighede van medegelowiges in Zimbabwe en Bosnië; en
  - in die besonder die korona-virus pandemie.
    - o Sodat die virus nie verder sal versprei nie;
    - o Herstel en genesing vir dié wat reeds geïnfekteer is;
    - o Vrede en troos vir diegene wat geliefdes verloor het;
    - o Vir al die gesondheidspersoneel; en
    - o Wysheid vir die regerings wat die uitbreek van die virus moet bestuur.

Ons gaan **Sondag 30 Augustus 2020** Nagmaal hou (kry solank u eie brood en wyn of druiwesap gereed) by die huis. Die betrokke diens sal ook opgeneem word en aan u gestuur word.